Die Laaste Grap van Kleinburg

Na skatting, geskryf in Januarie 1975, of hoogstens 'n jaar of twee later.

Croxley

# Drawing Book
# Tekenboek

Name ........................................ Naam

School ........................................ Skool

J.D. 203

DRG A Dickinson Robinson Group Product

# Die ~~groot~~ grap van Kleiburg

Lank gelede was daar 'n ~~[illegible]~~ stadjie met die naam Klei
Soos die naam aandui, was dit 'n ommuurde stadjie, en die mure was van klei. Die inwoners het hul bestaan gemaak uit boerdery op klein kleierige akkertjies rondom die stad. Hulle is geregeer deur 'n streng maar goeie ou hertog wat in 'n klei paleis in die middel van Kleiburg gewoon het.

Mettertyd het hulle deur hul vlyt redelik welvarend geword — ryk genoeg dat af-en-toe verbytrekkende bendes en leërs begin het om belang te stel in die stadjie: hier was miskien iets om te buit.

Bendes en leërtjies kon nog taamlik maklik verwilder word ~~deur~~ met die Kleiburgers se verroeste ou wapentuig. Goeie vegters was hulle egter nie, en soms het so 'n vreemde leër dan 'n paar draaie deur die stad kom loop, 'n

klompie van die armsalige ou besittinkies en „skatte" opgeraap en daarmee weggeloop, dik van die lag vir die Kleiburgers se wapens en vir hul komieklike manier van veg. Tog was dit gewoonlik van die mees nuttelose dinge wat weggedra is, en kon die Kleiburgers ná so 'n inval nog vlugger as tevore voortgaan. Die volgende leërs wat gekom het, was groter, en die Kleiburgers se maniere van verdediging nog komiekliker.

So het dit dan gewerk dat die invallende soldate nooit werklik gemèpsig of gulsig geword het nie, en dieselfde aand ná so 'n inval kon die inwoners al weer in hul kroegie sit en grappe maak oor die skermutseling van die dag

en groot spog oor hoe dapper hulle was.

Na verloop van jare het Kleiburgers al ryker geword, en nou was dit belangrik om die buitelande leërs heeltemal buite te hou. Die kleimure was daarvoor ~~die~~ nie genoeg nie, en die ou verdedigings moes opgeknap word. Op hul gemak voor die haardvure saans het ~~hulle~~ die Kleiburgers met groot gelag en jolyt nuwe planne gemaak.

Toe daar weer 'n leër optrek, met groot masjinerie om die kleimure kaf te stamp, het die Kleiburgers hul torings en borswerings dapper beman met hul geroeste swaarde, met emmers (oor die inhoud waarvan ons hier nie verder sal uitwei nie), met basuine en met eienaardige mondeurings. Die koddige vertoning het die vyand

so vermaak dat die vreemde generaal
verstik het van die lag en nie die
bevel kan gee om tot die aanval
oor te gaan nie. Terwyl soldate
hulpeloos lê en krul het van
die lag, het die Kleiburgers
plegtig op die mure rondgemarsjeer,
onsinnige bevele vir mekaar uitgeskreeu,
en hul basuine op die vyand gerig.
Toe die vreemde hardes 'n bietjie
tot verhaal kom, word 'n nuwe
aanval deur die basuine geblaker:
grappe! — nuwe, vreemde grappe,
die een skreeumaakser as die ander.
Deur die nag, by die lig van rokende
en stinkende fakkels het die jolyt
voortgeduur. Teen dagbreek het die
vreemde leër, totaal uitgeput,
onverrigtersake die aftog geblaas.

Hierna was Kleiburg onoorwinlik. Geen vreemde leër had meer 'n hoop om hier iets te buit nie. Maar meer en meer het generaals wat ~~tog~~ in elk geval deur hierdie afgeleë streek moes trek, die ompad gekies wat hul leër by Kleiburg langs bring, opsetlik om 'n slag heerlik en volmit te lag. Die plek het beroemd geword, en niemand het omgegee om vandáár met die kous oor die kop huistoe te kom nie; inteendeel, 'n neerlaag by Kleiburg was so gesog soos 'n oorwinning elders.

Maar met die nuwe roem het Kleiburg se rykdom agteruit gegaan, Want die akkers wat hulle altyd so vlytig bewerk het, is tot stof vertrap deur die vreemde vermaaksoekers. Ook hierdie keer het die Kleiburgers

hul verstand gebruik om uit die moeilikheid te kom. Hulle had mos 'n gesogte uitvoerartikel: Kleiburgse humor. Die grapfabrieke en die narreskole het volstoom begin werk. Die jolyt van hierdie plekke en die gekletter van die drukperse (dit was nog die ou handwerksoort) het die lug gevul van vroemôre tot laataand. Sondags het selfs die eens so sombere priesters 'n blymoedige boodskap gehad om die grapmakers aan te moedig. ~~Selfs~~ ~~Ook~~ glad die kinders in die skole (en in die Sondagskole) het sommer baie kans gekry om grappe te maak, en is goed ~~betaal~~ beloon vir goeie grappe.

Wavragte vol grapboeke, getrek deur esels, ~~gelei~~ gedryf deur grapjasse, is uitgevoer na die buiteland en het soos soetkoek verkoop. ~~Nou het 'n nuwe bekommernis ontstaan.~~ Die waens het teruggekeer volgelaai met goud, kos, bier, klere, gereedskap en ander voorrade.

Maar nou het 'n nuwe bekommernis ontstaan. ~~Ernstige~~ Kleiburg se eie groot generaal het gewaarsku dat hulle grappe te goed bekend kan word in die buiteland. As die vyand reeds die grappe ken waarmee hulle die stadsmure probeer verdedig, dan sal die verdediging mos nie meer werk nie! Hierdie was so 'n ernstige bedreiging dat almal in Kleiburg dit besef het. Van nou af het hulle twee soorte grappe gemaak: ~~militêre~~ hoogs geheime grappe vir militêre gebruik, en ander gewone handelsgrappe vir die uitvoer. Die generaal het kontroleurs aangestel om te waak oor die geheimhouding, en die hertog het graptoetsers aangestel om te waak oor die gehalte van die uitvoergrappe.

So kon sake vir 'n lang ruk goed gegaan het. Maar die groot wiskundige

van die hertoglike hof het een oggend,
na nagtelange arbeid, ~~[illegible]~~ aangekondig
dat hy uitgewerk het hoeveel
grappe daar altesaam kan wees. Die
getal, het hy gesê, is eenmiljoen
en drie-en-twintig. Wanneer daar
soveel grappe gemaak is, kan geen
nuwe grap meer gemaak word nie,
en dan is hulle handelsware niks
meer werd in die buiteland nie,
en, nog erger, dan sal ~~[illegible]~~ hul
vyande deur hul verdediging breek!

Sommige burgers was niks
bekommerd hieroor nie, want,
het hulle gesê, eenmiljoen
is alreeds so ŉ groot getal
dat jy nooit tot daar kan tel
nie, wat nog van soveel grappe
vertel. En dan is daar nog die
drie-en-twintig ~~ook~~ vir ŉ ekstra
skeppie veiligheid bo-op die groot

getal. Maar ander ernstige burgers
het weer begin reken dat eenmiljoen
en drie-en-twintig darem nie so 'n
groot getal is nie. Gaan daar
dan nie elke jaar meer as duisend
waaragte vol grapboeke uit die stad
nie, en is daar daar nie meer as
duisend boeke op so 'n wa nie, en
is daar dan nie omtrent honderd
grappe in so 'n boek nie? Natuurlik
het hierdie mense weer nie daarmee
rekening gehou dat heelwat van die
boeke presies dieselfde of baie eenders
was nie. ~~So het d~~ Ander het dit
weer besef. So het daar dan in die
stad 'n groot rusie ontstaan oor die
vraag of hulle al naby die een-
miljoen grappe ~~grappe~~ gemaak het. En
dan was daar nog altyd die grapjasse
wat in die middel van so 'n rusie die ander
herinner het aan die ekstra drie-en-twintig!

'n Slim jong wiskundige het een oggend na die kleipaleis gegaan en gevra om met die hertog te praat. "U Hoogheid!" het hy gesê, "daardie getal van eenmiljoen en drie-en-twintig is heeltemal onsin, en ek kan dit bewys. Sê nou maar dis waar dat daar net eenmiljoen en drie-en-twintig grappe is, dan is hierdie waarheid self so ~~'n~~ snaaks ~~grap~~ dat dit 'n splinternuwe grap is, en dan is daar al ~~ten minste~~ eenmiljoen en vier-en-twintig grappe. Dit bewys dat daardie ~~niet so 'n getal grappe kan~~ getal verkeerd is. Nog meer, op dieselfde manier ~~dit bewys~~ kan u insien dat enige so 'n getal wat iemand wil voorstel, verkeerd is. U Hoogheid, daar is geen perk aan die aantal grappe wat gemaak kan word nie. Ons fabrieke kan maar vrolik voortgaan!"

Die hertog se kop het hiervan behoorlik gedraai, ~~van hierdie bewys,~~ maar omdat hy 'n regverdige man was, het

en

y

hy dadelik heroute uitgestuur om die
jong wiskundige se ~~bevinding af te kondig. Hierdie~~ bewys uit te roep
op die markpleine en straathoeke. Die
heroute het dit self nie verstaan
nie, en wat die meeste burgers toe
daarvan verstaan het, was dat daar
eenmiljoen en vier-en-twintig grappe is.
Dit, het hulle gesê, is nie so 'n
wafferse groot roos nie, en hulle het
toe nie so baie van die jong wiskundige
gedink nie. Dis mos ook nie ernstig
nie, het hulle gereken, dat die ou
hofwiskundige 'n fout van net één
grap gemaak het op so 'n groot getal!

Die ~~groot~~ hofwiskundige het op die middaguur
wakker geword van die lawaai op straat. Hy
was in 'n slegte bui en het 'n hoofpyn gehad
van die nag se laat werk. Hy het gelui
vir sy ontbyt en sy middagkoerant, en toe
die bediende dit inbring, sien hy daar in
groot swart letters die jong wiskundige se
bewys. "My eer is op die spel!" het hy
gedink, en hom tierend van woede na die hertog

~~gehaal~~ gehaas ~~en~~ om die jong wiskundige se kop ~~[illegible]~~.
Maar die goeie ou hertog wou nie dit doen nie. Hy het net die jongman afgedank en verban.
Binne 'n uur het die jong geleerde met sy knapsak oor die skouer al ver geloop.

Nou was daar groot bedruktheid en verslaenheid in die stad, want die hofwiskundige het laat afkondig dat hy in die nag uiteindelik met die hulp van die kontroleurs en die graptoetsers bymekaargereken het hoeveel grappe daar al altesaam in Kleiburg gemaak ~~het~~ is. Die getal was op die kop een miljoen! Daar bly nog ~~net~~ presies drie-en-twintig grappe oor, want op hierdie droewige dag het niemand nog kans gehad om 'n enkele nuwe grap te maak nie. Net nog drie-en-twintig grappe! Hulle sal nog vir 'n rukkie kan voortgaan deur ou vergete grappe weer te druk, maar dan sal die hele volse nywerheid in duie stort en

Kleiburg deur sy vyande vertrap word!

"Absolute twak!" het 'n ~~paar~~ span van die beste jong ~~slim~~ grapjasse ~~uitgeroep~~ en na hul werkwinkels ~~gehardloop~~ gehuppel. Binne 'n kwartier was hulle terug ~~met~~ by die graptoetsers met ~~dertig~~ 'n honderd splinternuwe skreeusnaakse grappe. "Dit bewys tog dat daar ~~nog baie~~ met groot gemak nog miljoene grappe gemaak kan word!" het hulle uitgeroep. Maar die graptoetsers wou nie lag vir die nuwe grappe nie ~~en wou niks glo nie.~~ en ook nie glo dat dit nuut was nie. Hulle het ~~gesorg dat die~~ gemeen ~~die jong~~ dis tog uiters ~~onverbiddelik van die jong grapjasse~~ om in 'n tyd van nood 'n honderd nuwe grappe te maak en die ~~grapjasse is onverbiddelik~~ beledigend van die groot wiskundige te verontagsaam, en het gesorg dat hulle dadelik afgedank en verban word. Binne ~~'n dag~~ 'n uur het Kleiburg dus dertig van sy beste grapjasse verloor.

Nou het die groot generaal en die oppergraptoetser saam 'n plan gemaak om die stad te red. Kyk, het hulle gesê, jy kry snaakse grappe en snaakser grappe. Hoe

snaakser 'n grap, hoe meer kere kan jy
hom oorvertel voordat mense vir hom
moeg word. Daar moet 'n grap wees
wat so snaaks is dat mense elke keer
daarvoor sal lag, al hoor hulle dit ook
'n miljoen keer ~~oorvertel~~ — en niemand
kan tog so lank leef nie. Nou ja, so 'n
supersnaakse grap is nog nooit gemaak
nie. Die supergrap moet dus te vinde
wees onder die drie-en-twintig oorblywendes
wat nog gemaak kan word. Met die hertog
se goedkeuring het die oppergraptoetser dus laat
afkondig dat die laaste drie-en-twintig grappe
dadelik gemaak moes word. Hyself sou vasstel
watter daarvan die supergrap is.

Met nuwe moed het die grapjasse in al die
werkwinkels weer aan die werk gespring. Elke
werkwinkel het drie-en-twintig nuwe grappe
gemaak, ~~dit~~ ingelewer by hul graptoetser,
en ongeduldig staan en wag dat hy hulle
huis toe stuur — hulle werk is mos nou
klaar, of hoe? Maar die graptoetsers was
nie in 'n bui vir grappies nie. Hulle soek
mos nou eintlik die supergrap! Buitendien
het die meeste van die ~~was daar baie~~ grappe gehandel oor hertoë,

generaals, kontroleurs, graptoetsers en grapjasse. Sulke grappe was heeltemal nie snaaks vir die graptoetsers nie en is terstond afgekeur. Die arme grapjasse moes maar hul hoede weer ophang en deur die nag werk. Net af en toe het die graptoetsers 'n grap gevind wat vir hulle snaaks was (byvoorbeeld grappe oor jong wiskundiges) en dan het hulle dit deurgestuur na die oppergraptoetser.

Na sewe dae en sewe nagte sonder rus ~~se [illegible] werk~~ was die meeste werkers al sterwensmoeg, maar die groot lys van die Drie-en-Twintig Laaste Grappe was gedruk en is dadelik ingelewer by die oppergraptoetser. Hy was vas aan die slaap, maar Op bevel van die hertog is hy gewek met 'n koue stortbad en 'n kan swart koffie. Dadelik moes hy begin om die lys deur te werk. Vir sommige ~~die meeste van die~~ grappe het hy met [illegible] ~~maar floutjies~~ geglimlag. Ná nommer twintig was hy al erg

bekommerd, want die supergrap was daar duidelik nog nie. Toe hy met nommer drie-en-twintig begin, het hy gesê "Hier is ons allerlaaste kans!" en kort daarna onbedaarlik aan die lag gegaan. Sy arme ou ~~liggaam~~ hart, reeds geskok deur die uitputting, die stortbad en die koffie, kon nie dit ook nog ~~vat~~ nie, en al laggende het hy daar en dan gesterf.

Hy is met groot eer begrawe deur die dankbare burgers. Die hertog en die generaal het toesprake gehou ~~en te~~ en gesê dat Kleiburg se Groot Eeu nou aangebreek het, want die Supergrap is nou gevind! Niemand hoef meer grappe te maak nie, want hulle sal hierdie een grap vir altyd kan uitvoer, en vir altyd daarmee hul vyande afweer!

Die groot generaal is ~~by~~ boonop al sy ander werk toe (hoewel daar geen toetswerk meer was nie!) aangestel as nuwe oppergraptoetser en in beheer geplaas van al die drukkerye. Om sy werk te vereenvoudig en alles mooi ordelik te kry, het hy die hertog gevra om twee nuwe wette te laat afkondig, en ~~dit~~ 20 is gedoen:

## Nuwe Wet Nommer Een

In Kleiburg sal voortaan geen grap meer gemaak word nie behalwe die Supergrap, dit is, die Eenmiljoen en Drie-en-Twintigste, ook bekend as die Laaste Grap. Straf vir oortreding: die dood of verbanning.

Op las:



Hertog van Kleiburg

## Nuwe Wet Nommer Twee

Elke Kleiburger sal elke keer hartlik maar eerbiedig lag as hy die Supergrap, dit is die Eenmiljoen en Drie-en-Twintigste en Laaste Grap, hoor of lees. Straf vir nalatigheid: die dood of verbanning.

Op las:



Hertog van Kleiburg

Albei wette is streng afgedwing. Spioene is onder die burgers rondgestuur om te luister of hulle onnodig lag. Om hul getrouheid te toets, het die spioene dikwels die Laaste Grap vertel, en bewaar die burger wat dan nie op die regte manier lag nie! Dit was nogal moeilik, want hierdie grap was suf, langdradig, ingewikkeld en goor, en almal was hartlik sat daarvan.

By elke oortreding het die generaal die doodstraf geëis, maar die hertog was genadig en het net verbanning opgelê. Geleidelik het die stad leeggeloop.

Al die drukkerye het oorgegaan tot massaproduksie van een en dieselfde boek van honderd bladsye. Op elke bladsy was dieselfde grap, en ons lesertjies kan seker al raai watter grap dit was? Die drukkers was natuurlik doodbang

dat hulle betrap sal word terwyl hulle hierdie grap lees, en hulle was werklik al te ~~moeg~~ sat daarvan om nog te lag. Dus het hulle die grap onderstebo gedruk op elk van die honderd bladsye. ~~Wie vir die nuwe slimstreek gelag het~~

Hierdie laaste slim plan was ~~wel~~ natuurlik geen grap nie, ~~want~~ wie daarvoor durf lag het, is dadelik verban.

~~Lot daagna was~~ Die boekhandelaars en die kopers in die buiteland ~~baie verbaas. Hulle~~ was gewoond aan streke en grapjassery van die Kleiburgers, maar die nuwe skouspel het hulle ~~verbaas laat ophou~~ verstom ~~en~~ en ~~hulle~~ laat steier van die lag: Lang ~~trekke~~ ~~[illegible]~~ rye eselwaens, getrek deur mismoedige maer esels, gedryf deur bang, bedeesde, moeë Kleiburgers; al die waens kreunend onder eenderse boeke, elk volgedruk, onderstebo, met 'n ongelooflik simpel grap!

Die buitelanders het verwag dat hierdie streek spoedig sou ophou, maar dit het nie. Eers na 'n ~~hele~~ paar weke het die stroom boeke begin opdroog, omdat die waens vol onverkoopte boeke na Kleiburg teruggekeer het en die ~~kopers en verkopers~~ transportryers dan dadelik verban is.

Die vyand kon Kleiburg sonder slag of stoot inneem want daar was geen bevolking meer nie, net nog die hertog, die generaal, kontroleurs, graptoetsers — en enkele drukkerbase wat op hul leë geldkoffers bly sit het. Daar was weinig te buit. Die hertog en die generaal is verban na 'n eiland waar ~~hy sy~~ hulle hul oudag rustig en gemaklik kon slyt. ~~Die generaal het gesterf en~~ Die res het gevlug.

Sonder inwoners het die mure van Kleiburg ná 'n paar ~~jaar~~ winters se reëns inmekaargesak. Die jong wiskundige in 'n verre land het die hele droewe verhaal bymekaar gekry en daarvan 'n boek gemaak waarvoor hy 'n geldjie gekry het, genoeg om saam met 'n paar van sy grapjas-maters terug te keer na die voorvaderlike klei en daar van vooraf te ploeg en te bou.

REMMÜRB

Guillaume

EMUALLIUG

Giljám

MAJLEIG